
# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

## Januarie / Februarie 2017

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe



Stewart Patterson
Born - 4 November 1936
Died - 31 October 2016



Sarie Knoetze
Gebore - 26 Februarie 1942
Oorlede - 18 Augustus 2016

Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

# Sommer net......











# Indeks / Index


SAFPA Excecutives and Area Representatives 2
Editors Column 4
Skou en Duiwedae almanak 4
Redaksioneel - Christo Munnik 5
Sarie is dood..... - Kobus Snyman 7
Old German Owl Genetics~The White-Flights Trait
Christine Nyland - Submitted by Morné Rix 11
Stewart Patterson is oorlede - Renier Lee 13
Notule van Beoordelaarsforum dag bestuurs
vergadering - Christo Nel 14
When to Inoculate your pigeons- Author: Derick Streak
submitted by Dirk Scholtz 16
Notule van Beoordelaarsforum vergadering - Upington
Christo Nel 17
Avian flu virus H5-N1 and pigeons: The facts.
submitted by Fadiel Hendricks 20
Paratyphoid!! - Fadiel Hendricks 26
Henri van Reenen skryf...... 27
Lichtenburg Landbouskou - van toeka tot nou
Piet Pretorius 28
Resies duiwe - At Nigrini 28
Behandel so vir eiers wat nie uitbroei nie
Derick Streak - ingestuur deur Dirk Scholtz 31
32 2017... - Junior vd Walt 33
André Gunter skryf die volgende.... 34
Oorsig oor ons oorsese besoek - Renier Lee 36
Die American Show Racer - In vol kleur! - Benard v Zyl 38
Lekker storie oor Stella se SA's - Rob Lombaard 39
My eerste tydverdryf - Nic Hanekom 41
SAFPA Affiliated Speciality Clubs 43
Scoreboard and Rules 44


SAFPA Website - http://www.safpa.za.org


**The Fancy Pigeon**
**Die Sierduif**
**Obtainable from**
**Verkrygbaar by**
**Christo Munnik**
**Fax: 086 541 6011**
**Cell: 076 391 5800**
**E-mail/E-pos**
**cora.christo@gmail.com**

**Graphic Design**
**done by The Editor**
**and Printed by**
**Ring-O-Print**
**Cell: 084 549 6235**
**Cell: 071 284 1393**
**E-mail**
**info@ringoprint.co.za**


## National Ringmaster

**Cell: 082 565 9022**
**Tel: 041 365 7737**
**Fax: 086 730 3489**
**Fax: 086 730 3229**
**E-Mail:**
**safpa.rings@axxess.co.za**
**Banking details:**
**Account Name - SAFPA**
**Standard Bank**
**Tyger Manor**
**Branch Code**
**05-04-10-41**
**Account Number**
**272 692 794**

**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 - 20:00**
**Sunday**
**after 14:00**
**Geen 'Whatsapp'**
**bestellings vir ringe sal**
**aanvaar word nie.**

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

## *Advertisement Costs*

***Businesses and non SAFPA members***

**Quarter page R250 Half page - R450**
**3 Quarter page - R650 Full page - R850**
**Colour cover page R1200**

***SAFPA members***

**Quarter page R100 Half page - R200**
**3 Quarter page - R300 Full page - R400**
**Remember this is only for members wanting to sell something and will only be placed once**

## SAFPA Honarary Presidents and Vice Presidents

* **Gerald Orpen** - 1957
* **G Dolley** - 1958
* **Reg Gething** - 1958
* **Mervyn Wightman** - 1962
* **Rev AF Malan** - 1962
* **A Reyneke** - 1965
* **AM Anderson** - 1966
* **A Ingle** - 1970
* **Rev JC Jansen** - 1977
* **Prof JR Verster** - 1977
***Alex Ravenscroft** - 1984
* **Charl Pretorius** - 1987
* **Corrie van Reenen** - 2007
* **Wynand Wessels** - 2010
* **Warren Klopper** - 2014
* **Clive Druce** - 2014

**Renier Lee** - PO Box 2368, Noorsekloof, Jeffreysbaai, 6331 Cell: 082 600 8647
**Stewart Patterson** - PO Box 69184, Bryanston, 2021 Cell: 082 457 2919
**Pierre le Roux** - 31 Diaz Street, Panorama, 7500 Cell 083 567 0226

## SAFPA Excecutive Committee

**National President - Chris de Bruin**
PO Box 906268, Magalieskruin, 0150 Cell: 082 426 8703 Fax: 012 430 4539
Fax: 086 617 6028 - E-mail: chris.debruin@dcs.gov.za

**National Vice-President - Christo Britz (co-opted)**
PO Box 31840, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317. Tel: 051 430 8666
Cell: 083 626 6003 - E-mail: chris@iasafari.co.za

**National Secretary - Dirk Scholtz**
PO Box 21110, Nelspruit, 1200 Fax: 013 733 3048 Cell: 082 452 4229
E-mail: dirk@harmonie.co.za

**National Treasurer - Bertie Wessels**
PO Box 1085, Bothaville, 9660 Cell: 083 733 4191
E-mail: bertie_wessels@hotmail.com

**National Ringmaster - Netta Prince**
PO Box 455, Port Elizabeth, 6000 Tel: 041 365 7737 Fax: 086 730 3489
Cell: 082 565 9022 - Fax: 086 730 3229 E-mail: safpa.rings@axxess.co.za

**National Editor - Christo Munnik**
PO Box 618, Anerley, 4230, Kwazulu-Natal Cell: 076 391 5800
Fax: 086 541 6011 E-mail: cora.christo@gmail.com

**Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011**

**National Judges Officer - Benard van Zyl**
Kwintstraat 400, Pretoria Tuine, Pretoria, 0082 Sel: 082 921 5228
E-mail: benard@isafari.co.za
**National Webmaster - Daniel Bierman**
PO Box 431, Milnerton, 7435 Cell: 082 940 7377
SAFPA Website http://www.safpa.za.org
E-mail: webmaster@safpa.za.org
**National Youth Forum Representative - Attie van Aswegen**
9 Peeter Street, Môrewag, Kroonstad, 9499 Tel: 056 213 3498
Cell: 082 411 8483 - E-mail: attievanaswegen@gmail.com

## Safpa Area Representatives

**North-of-the-Vaal - Benard van Zyl**
Kwintstraat 400, Pretoria Tuine, Pretoria, 0082 Sel: 083 235 0363
E-mail: benard@iasafari.co.za
**Freestate - Chris vd Walt**
1 Stanton Street, Fichardtpark, Bloemfontein 9301 Tel: 051 522 3074
Cell: 082 378 6447 E-mail: vanderwalt006@gmail.com
**Western Cape - Morné Rix**
PO Box 68, Ottery, 7808 Tel: 021 394 9014 Cell: 076 487 4873
E-mail: mornerix@mweb.co.za
**Northern Freestate - Bertie Wessels**
PO Box 1085, Bothaville, 9660 Cell: 083 733 4191
E-mail: bertie_wessels@hotmail.com
**Eastern Region - At van Jaarsveld**
PO Box 3568, Middelburg, 1050 Tel: 013 245 1700 Cell: 072 368 1214
E-mail: atvanjaarsveld@gmail.com
**Northern Cape - Seppie Esterhuysen**
PO Box 52, Upington, 8800 Tel: 054 332 6288 Cell: 082 559 1132
**Eastern Province - Johann de Beer**
PO Box 3268, Northend, 6056 Tel: 041 466 7443 Cell: 072 399 8952
E-mail: info@mbosman.co.za
**South Western Districts - George Bell**
PO Box 3, Zoar, 6656 Tel/Fax: 028 561 1314 Cell: 083 483 9969
E-mail: bellgeorge@hotmail.com
**Western Transvaal - Awie Esterhuizen**
2 van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, 2571 Cell: 084 682 0143
E-mail: pyp.esterhuizen@gmail.com
**KwaZulu-Natal - Christo Munnik**
PO Box 618, Anerley, 4230, KwaZulu-Natal Cell: 076 391 5800
Fax: 086 541 6011 E-mail: cora.christo@gmail.com

# Editor's column

## Birthdays

At v Jaarsveld - 02-Mar
Piet van Wyk - 04-Mar
Jan Wiid - 04-Mar
Christie Marais - 05-Mar
Minke Hohls - 09-Mar
Meis Swanepoel - 10-Mar
Jannie Kleynhans - 13-Mar
Hendrik Matthee - 21-Mar
Louis vd Walt - 22-Mar
Stuart Torrance - 23-Mar
Johan Smit - 25-Mar
Christo Nel - 27-Mar
Lizelle Swanepoel - 30-Mar
Frik Knoetze - 01-Apr
André Rix - 01-Apr
Francois Jooste - 02-Apr
George Bell - 05-Apr
Rob Poley - 06-Apr
Rob Lombaard - 11-Apr
Braam du Plessis - 12-Apr
Jaco Pieterse - 15-Apr
André Haarhoff - 16-Apr
Karin van Wyk - 16-Apr
Johannes Muir - 18-Apr
Herman Wessels - 20-Apr
Peter Vorster - 21-Apr
Hendri Botha - 22-Apr
Nesley Topham - 22-Apr
Chris de Bruin - 22-Apr

## Deaths -


Karel Reynecke
Jan Kriel
Stewart Patterson

---

2017 Skou en Duiwedae almanak

**21 Januarie 2017** **Sponsduif Prestigeskou - Bothaville**
Matt Willemse - 082 807 3825 - mattwillemse@haaswil.co.za
**08 April 2017** **Noord Vrystaat Jongduifskou - Welkom**
Attie van Aswegen - 082 411 8483 - attievanaswegen@gmail.com
**22 April 2017 - Weskaap Jongduifskou**
Christo v Vuuren - 084 602 1316 - Christo@bhome.co.za
**06 Mei 2017 - Noord Vrystaat - Welkom**
Attie van Aswegen - 082 411 8483 - attievanaswegen@gmail.com
**13 Mei 2017 - Oostelike Provinsie - Port Elizabeth**
Johann de Beer - 072 399 8952 - info@mbosman.co.za
**13 Mei 2017 - Oostelike Streek - Ermelo**
Christie Roux - 082 324 6590 - rouxpetro1@gmail.com
**20 Mei 2017 - Noord-van-die-Vaal - Pretoria**
Nollie Oosthuizen - 082 655 0659 - corppay@mweb.co.za
**20 Mei 2017 - Weskaap - Malmesbury**
Christo v Vuuren - 084 602 1316 - Christo@bhome.co.za
**27 Mei 2017 - Vrystaat Streek - Bloemfontein**
Raymond Hohls - 083 303 9865 - RHohls@mweb.co.za
**27 Mei 2017 - Bodemtuimelaar Prestigeskou - Bloemfontein**
Bertie Wessels - 083 733 4191 - bertie_wessels@hotmail.com
**25 - 27 Mei 2017 - Noord Kaap - Upington**
Danie Visser - 083 390 0860 - dvisser@lantic.net
**03 Junie 2017 - Suid-Westelike Distrikte - Hartenbos**
George Bell - 083 348 9969 - bellgeorge@hotmail.com
**03 Junie 2017 - Wes-Transvaal - Makwassie**
Awie Esterhuizen - 082 682 0143 - pyp.esteruizen@gmail.com
**04 tot 08 Julie - Homerklub Prestigeskou - Pietermaritzburg**
Attie van Aswegen - 082 411 8483 - attievanaswegen@gmail.com
**4 Julie tot 08 Julie 2017 - SA Kampioenskapskou - Pietermaritzburg**
Hennie Hattingh - 082 923 3910 - henniehattingh703@gmail.com
**Hoofbeoordelaar - Pierre le Roux - Alternatief - Renier Lee**

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



## Redaksioneel
## Editorial

As die lede dié boekie ontvang is dit alweer amper 2017 of dalk is dit al. Ek het al genoeg gesê oor die tyd wat so verby vlieg maar ek weet nie meer waarheen ons hardloop en waarheen ons oppad is nie. Vyf van ons lede en oud lede is oorlede in 'n baie kort rukkie en van ons lede is nie gesond nie. Ek weet regtig nie wat 2017 vir ons inhou nie maar ons moet maar op ons knieë bly en bid vir mekaar. Die vyf lede is Sarie Knoetze en Stewart Patterson waarvan daar in die uitgawe skrywes is. Die ander drie is my groot vriend Jan Kriel saam met wie ek baie lekker dinge gedoen het, Jan Hoffman en Karel Reynecke wat diep spore in die SASV getrap het. Ek plaas in die volgende Sierduif skrywes oor hulle.

Ek het die ander dag met my hande in hare gesit met artikels vir die Sierduif. Ek stuur toe vir 22 lede van die SASV 'n "whatsapp" en vra om asseblief te help want ek is nou al besig om artikels van 2006 weer te plaas. Ek is nie seker nie maar ek dink 18 van hulle het gereageer op my oproep en baie van hulle het dadelik artikels gestuur.

Ek het twee van die 2006 artikels wat Fadiel Hendricks daardie tyd ingestuur het in gelos want dit is oor duiwesiektes wat baie nuwe lede seker nog nie gelees het nie. Dit is baie leersame artikels oor die "Avian flu virus en Paratyphoid". Ek het ook 'n hele paar artikels wat bietjie laat was oorgelaat vir die volgende boekie.

Nou vra ek hoekom kan lede so flink reageer op my oproep as die kalf in die put is en andersins ignoreer die meeste my net doodeenvoudig. Asseblief vriende skryf iets oor enige iets sodat ek nie so hoef te sukkel nie.


Onder op die bladsy is die afsny datums vir artikels maar moenie dat dit jou aan die neus lei nie skryf in elk geval vir my iets. Julle sal sien dat daar ook weer lede is wat vir my skryf oor wat anders hulle doen as duiwe boer. Dit maak dit so interessant om te weet wat lede aanvang as hulle nie met hulle duiwe besig is nie. Ek gaan ook weer soos lank terug begin om Rollerklubs en Resiesduifklubs se uitslae te plaas waar ons lede betrokke is.

Weerens baie dankie aan die lede wat so flink reageer het op my hande in die hare oproep julle is sterre. Groete aan almal en geniet wat julle doen.

**Die afsny datums vir artikels is as volg:**
**Januarie/Februarie - einde Oktober**
**Maart/April - einde Januarie**
**Mei/Junie - einde Maart**
**Julie/Augustus - einde Mei**
**September/Oktober - einde Julie**
**November/Desember - einde September**

# Gesonder duiwe @ minder as R10 / duif / jaar

**(Sien in hierdie uitgawe: "Uitendelik – 'n Probiotika wat 'n verskil maak")**




## bioworx ANIPRO Aqua

### Probiotika in 'n "teesakkie"


| | | |
|---|---|---|
| | bioworx ANIPRO Aqua - 25 x 5g | R109.16 |
| Ander produkte: | bioworx AVIANPRO (Brouersgis) 1kg | R104.52 |
| | bioworx ENERGYOIL 500g | R176.70 |
| | bioworx ENERGYOIL 1kg | R336.30 |

(*BTW ingesluit / Afleweringsfooie uitgesluit*)

NB *Vermy die onnodige toediening van antibiotika, maar moet NOOIT virus-inentings staak nie.*

**bioworx (edms) bpk** 2000/019696/07
Gebou 23 WNNR Meiring Naude Weg Pretoria Tel: 012 841 3540 / 082 879 4208
Faks: 086 562 5805
E-pos: hennie@bioworx.co.za Webwerf: www.bioworx-pigeon.co.za

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



## Sarie is dood... Kobus Snyman

Min mense is so geseënd om 74jaar oud te word. En wanneer 7 dekades mens beskore was, kan mens inderwaarheid wat agter jou lê, in fases opdeel.

Bertha en ek het Sarie en Frik leer ken in 1976. Die band wat tussen ons as vriende gesmee is, is tot vandag nie verbreek nie; daar is min wat die Knoetzes of die Snymans deur die jare nie van mekaar leer ken het nie. Die vriendskap was heg, opreg, spontaan omdat ons van dieselfde stofasie was. Tog, moet ek erken dat ons die laaste klompie jare mekaar minder gesien het weens verskeie redes want elkeen het maar sy eie koers.

**In haar jongmens fase**
Sarie was 'n Suidwester, nes Bertha en ek. Sy is in Omaruru gebore maar het in die Vrystaat skoolgegaan. Op skool was sy al 'n kranige netbalspeler en in Windhoek na skool vir die SWA span gekies.

In 1959 is Frik vanuit Pretoria as aflos treindrywer na Windoek gestuur. In die koshuis was dit maar moeilik om met hul lang ure vir hulself kos te maak en een aand tydens 'n KJV byeenkoms het hy sy kosmaker ontmoet. Ek kan my goed indink hoe 'n vreeslike storie hy moes opmaak om haar te oortuig hy lei honger.

Maar dit het nie net by kospakkies gebly nie; hy het haar ander talente ook begin waardeer en om met haar verder te kon vorder as wat sy wou toelaat, moes hy eers plegtig trou tot die dood beloof. Hierdie belofte het hulle in 1963 in die beroemde Klipkerk naby die Ruiter standbeeld aan mekaar gemaak. Na die troue is hy na Warenton oorgeplaas. So het hy een van Suidwes se kranigste netbalspelers uit die span gehaal.

Suidwesters is vriendelike mense maar moenie met hulle moeilikheid soek nie. Altans, so het sy gedink en een aand besluit dat as Frik dan moeilikheid wil soek, sluit sy haar in die slaapkamer toe. Ek het die voorreg gehad om al die Knoetze-broers sedert my en Bertha se verhuising uit Suidwes na Bloemfontein, met die tyd te leer ken. Dit is vriendelike, maar moeilike manne - bietjie erger as die Suidwesters. Sarie het dit die aand bitter vinnig agtergekom.

Frik het die slot gedraai - die deur was gesluit. Hy het omgedraai, om die huis gestap, die tuinslang aan die kraan gekoppel en vol oopgedraai. Die straal water deur die venster het Sarie onverhoeds betrap. Sy wou die deur oopsluit, maar met die fors van die water kon sy nie by die deur uitkom nie. Sarie, mat en beddegoed was sopnat. So het die reël tussen hulle ontstaan om nooit kwaad vir mekaar te gaan slaap nie.

Hulle twee kinders is met streng waardes grootgemaak en moes by beide Frik en Sarie toestemming vir enig'iets vra. Wat sê Ma of wat sê Pa. Beide het ook gou geleer vir Ma Sarie moet jy nooit jok nie.

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

In die bykans 40 jaar wat ons vriende was, het nie een van Frik of Sarie 'n kras- of skewewoord teenoor mekaar in enige geselskap gebesig nie.

**Vanaf 1976**

Frik en Sarie in Kroonstad en die Snymans in Bloemfontein - een naweek Kroonstad en die volgende naweek Bloem toe. Dit was 'n wyse van lewe. Ons grootste tydverdryf was om saans Boere-Manel te speel. Om oor en weer te kuier, was loutere genot. Die kinders (2 + 2) was jonk en het ook lekker aanklank met mekaar gevind.

So het ons ook Sarie se Ma, ouma Potjiestroom ontmoet vir wie Frik en Sarie vir meer as tienjaar versorg het voor haar dood.

My jongste, Wilma, was 3 jaar oud en het gou die bynaam "Robbies" by Frik en Sarie gekry en toe ek haar van Sarie se dood vertel, was sy werklik bedroef. So ook Zelna, die oudste. Frikkie (bekend destyds as Boesman), Soekie, Wilma en Zelna het saam met ons grootmense balgespeel in Fichardpark se warm teerstrate en saans moes ons waterblase onder die voete oopsteek. In Kroonstad is krieket in die agterplaas gespeel. Destyds in Kroonstad en later in Kemptonpark het die spelery voortgeduur en saans as die kinders hulle self vermaak, was dit Boere-Manel; Sarie en ek teen Frik en Bertha. Sarie het met die kaartspelery een ding gevrees - dat ons oponente haar met Nel sal betrap. En almal van ons het met so 3 kaarte oor in die hand, dit geniet as sy begin "panic" - sy kon dit net nie wegsteek nie en gewoonlik is ek met 'n skop op die maermerry ingelig sy is in die moeilikheid of lippe wat oorkant my die word NEL probeer fluister het.

Na die 1981- SA's is Frik as Ringmeester en ek as Notaskrywer (nou Redakteur) van die SA Sierduifvereniging verkies. Frik het sy werk binne 'n dag gedelegeer aan Sarie; heel gou het die naam Sarie Knoetze 'n huishoudelike naam in die SASV geword. In die toilet, agter die deur, het sy honderde lede se verjaarsdag-datums op 'n jaar kalender neergeskryf en almal gebel soos wat die jaar verby gespoed het. Sy was onkreukbaar as Ringmeester en 3-jaar later het Frik die pos afgestaan en was Sarie nie meer 'n gedelegeerde nie. Sy was "baas" oor die SASV se ringe wat destyds meer as 600 lede gehad het. Oor haar het Stewart Patterson (toe Tesourier) eendag teenoor my opgemerk dat haar boeke, ringe en die verwante geldsake onberispelik was.

As ek al ons wedervaringe saam moet vertel, gaan u heeldag hier sit. Tog is daar 'n paar wat ek met almal wil deel want ek is nie seker of sulke belewenisse vandag nog bestaan nie - nie waar man en vrou saam in dieselfe "hobby" is nie.

**1992 Kaaptoe** - 'n rit met 'n stoet van 6 motors uit Bloemfontein, het die aand om 11uur vertrek, en is eers die oggend om 7uur net buite Worcester onderbreek. Almal moet water afslaan - die koffie met sterker mengsels in die bottels, het almal se sake gewerk. Die manne het net so effens opsy gestaan, maar die dames moes teen die rant af tot binne in die sloot uitwyk. Met hulle terugkeer, hou

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

Sarie haar rok vas en blaker kliphard uit: "Frik ek het my rok nat gepiepie." Tipies Frik kom die antwoord:' "Daais niks kyk die die k_k op jou een skoen"

**1988** - met 'n ompad Pietermaritzburg toe vir die streekskou in een motor. Ons het lank gery, Goldengate langs. By 'n braaivleisplek het ons besluit om Frik se moerkoffie in die konfytblik te proe. Later besluit die vrouens ons kan net sowel braai. Iewers vandaan kom whiskey by en dit word laat, ons kuier want die hout brand stadig. Hiervandaan moet Sarie en Bertha beurtelings bestuur en ons luister heelpad na hoe ons twee ons nie kan gedra as ons bymekaar is nie. Sarie haal selfs die kruiwa-situasie van jare tevore in Fichardtpark op toe al die vleis die Sondag middag op die grond beland het en net skoon gewas is. "Julle het nie ore nie! Ons skaam ons morsdood vir julle!"

In Pietermaritzburg aangekom, is dit donker. Nie een van ons weet waar die skougronde is nie en ons boek iewers in. Ons weet nou nog nie waar dit was nie. Die volgende oggend kry ons die skougronde. Frik, ek en Bertha beoordeel en Sarie vat, soos dit haar gewoonte was met feitlik alle skoue wat sy bygeoon het, die adminstrasie van die skou oor by die sekretaris tot by die prysuitdeling.

........Ons terugreis was baie stemming.

By nog 'n Kampioenskapskou in Worcester, boek ons in by 'n gastehuis teen die hange van die berg. Daardie een aand was beide ek en Frik in warm water want een van ons mede duiweboere en sy vrou kom kuier laataand. Sarie en Bertha was al in die nagklere en die besoekende vrou had alles wat 'n man maar kan van droom maar al die goeters gaan nie so goed af by jou eie nie.

'n Uur later peul Sarie uit die kamer. "Luister, julle moet nou julle ry kry! Frik en Kobus moet bedtoe! Sarie was baie ferm. Ons het haar so aanvaar en wanneer ons vier introspeksie van sulke geleenthede gehou het, kon sy haar doodlag, veral as ons verleentheid duidelik sigbaar was.

**Treinrit na Worcester.** Die Steyns het my, Frik en Bertha genooi om die streekskou te beoordeel. As toegif het hulle geweet Sarie sal die skou administrasie hanteer. As afgetrede spoorwegman, besluit Frik ons gaan met die trein ry vanaf Kimberly. Bertha en ek ry met die motor die vorige aand al Kimberley toe. Ounag, na 'n braai en sy die se toebehore, en 'n lang rondte kaartspel, kruip ons in die bed. Die volgende aand bestyg ons die Bloutrein oppad Worcester toe. Deur die nag, terwyl die treinwiele oor die laste "nog 'n kap", nog 'n kap" tot vervelens toe refrein, doen Frik en ek ook so en nog later stort Sarie se senuwees total in duie toe sy en ek teen 4uur die oggend finaal toegee ons het met Boere-Manel teen Frik en Bertha verloor. Ons deel die kompartement en en elkeen trek net kombers oor en dompel weg. Maar Worcester is skielik daar en die Steyns wag al. Die naweek was 'n fees saam met die Boland manne.

Na die skou, die Sondagoggend, koop ons wors by Barnard en dit vertraag ons vertrek na die stasie.

So jaag ons op die nippertjie uiteindelik stasie toe met die moewiese klomp wors en bokse vol appels wat wyle Danie Geldenhuys gegee het. By die stasie aangekom, is daar geen trein meer nie. Sarie het dadelik berispe: "Ai Tog! Ek het julle gesê ons gaan laat wees. Julle ken mos nie tyd as julle bymekaar is nie!"

Barnard hou vol ons het dit verpas want ons is 30 minute laat. Maar Frik, ken spoorweë beter as enig'iemand in die geselskap. "Ek dink die trein is dalk laat." Dit was toe ook so. Skaars kom die trein tot stilstand, toe begin ons laai. Die getal tasse is nog dieselfde, maar dis nou wors, biltong, appels, druiwe en ek onthou nie meer wat nog nie. Barnard haal van sy streke uit en gee die appels een-een deur die trein venster aan, totdat dit begin beweeg. Toe boender hy al die ander appels deur die venster met boks en al. Die hele situasie was so komies dat ons al vir meer as 'n uur oppad was en dit steeds kon geniet.

Daardie middag, terwyl die trein deur die Karoovlaktes stoom, sit ons in die eetsaal en drink 'n stemmige wyntjie. Sarie sluk haar eerste en enigste glasie wyn wat ek haar ooit sien drink het. Wat 'n sondag feesmaal was dit nie. Ons moes dubbel betaal want ons het elkeen twee borde geëet. Uitgeput. Moeg. Dit was 'n verskriklike naweek. Tot die aand slaap ons en in Kimberley word die vrag vervoer tot by die Knoetze se huis deur 'n visvangvriend.

Beide Frik en ek was toe al op pensioen, en Bertha en ek is eers die Dinsdag terug Bloemfontein toe.

Sarie was 'n uitmuntende administratiewe hulp (vir almal) en 'n knap teler. Met vele skoue waar of ek, of Bertha Sekretaris van Vrystaatstreek was, was sy een van ons vaardigste helpers. Ook in enige streek waar sy en Frik was, het almal geweet: Gee vir Sarie die papierwerk en dit verloop vlot.

As teler het sy menige prys met haar Strassers, Holle Kroppers en Kartelrue behaal. Sy het haar duiwe self versorg en vir skoue geselekteer.

Saam het ons die eerste Modena Prestige Skou in 1978 in Kroonskad aangebied. En tweejaar tevore was ek as Sekretaris van die Vrystaat afgevaardig om die stigting van die Kroonstadwyk deur Frik, oom Johan Botha (en trawante) die leviete te gaan voorlees dat dit wat hulle gedoen het, nie geduld sal word nie. Sarie het 'n feesmaal vir my en Bertha berei en ons het 12uur die middag by hulle aan huis geeët. 'n Uur later het die vergadering begin en tydens die vergadering is die idee van streekwyke gevorm - iets wat vanaf die volgende jaar dwarsdeur SA nagevolg is nadat die UK dit goedgekeur het. - 'n oorlewingsdrang onder lede op kleiner dorpies om aktief met duiwe te teel. Na die vergadering, met steeds 'n vol maag, brand die vure en ons kuier om die braaivleisvure tot laat aand.

Daar is menige belewenisse saam met hierdie twee groot maats van my en Bertha wat ek nie hier vermeld het nie, soos die aand toe Soekie en Klein Frik hulle met sy 70ste verjaarsdag met 'n moewiese partytjie verras het. Ons het spesiaal Kimberley toegery om dit by te woon en aan my sleutel-



Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

houer pryk Frik in al sy glorie soos wat Harold Newton (wat destyds al ons medaljes gemaak het) vir ewig vasgevang het.

Sarie het allergies vir duiwestof geraak en noodgedwonde moes hulle van duiwe ontslae raak.

**Haar rolbal dae**

Hulle het hulle toegespits op rolbal en ons hegte vriendskap het begin taan; die kinders het groot geword en hulle eie paaie begin loop. Tog het ons nooit die band verbreek nie, dit was te heg gesmee in die vormingsjare.


Sarie het met tyd sieker begin word.... maar taai vrou wat sy was, het sy baie jare geweier om bes te gee. As omgee mens het sy selfs in hierdie tyd meer vir andere omgegee as om haar oor haar siekte te kwel. Tot enkele weke gelede ... en vanoggend om 10uur (18 Augustus 2016) is sy op 74 jarige ouderdom die eerste een van die groep van vier, wat na 'n beter lewe verhuis het.

Haar kinders sal haar onthou as iemand wat geen leuen verdra het nie; Sy was hul anker en het 'n basis vir hulle lewe gelê. Ook die melkterte wat gebak moes word wanneer daar vir iemand dankie gesê moes word.

Sarie Knoetze, ons is hartseer saam met Frik, Soekie, Frikkie, Bertha, Wilma en Zelna. Ons was lief vir jou en sal jou teenwoordigheid, jou grappies, jou lag en jou vermaninge teenoor my en Frik vir altyd onthou. Rus in vrede - min mense kruis lewens met soveel impak soos wat jy gedoen het. Jy het in ons harte ingekruip, en met die jare wat gaan volg, sal jou nagedagtenis steeds deur ons are bruis.

Sarie sou wou hê dat ons op al die geleenthede en genade moet fokus en nie op ons verliese nie .... want die lewe gaan aan vir die wat agterbly.

Kobus en Bertha Snyman



## Old German Owl Genetics~The White-Flights Trait

**Christine Nyland Submitted by Morné Rix**

An important part of breeding showquality Old German Owl's is the White-Flight strait. The ideal saddle or shield mark on an Old German Owl is 10 white flight feathers,


10 coloured flight feathers and 4 coloured thumb feathers. On the next page is a picture of avery nice red showing this highly desired pattern.

hen breeding for 10 white-flights most people would assume that all you need to do is breed a pair of birds that both have the desired number of white-flights together and they will produce similar coloured offspring. Unfortunately when breeding pigeons it doesn't work like this, what happens is you end with birds that have 12 or more white-flights and no thumb colour! What's going on? Well to quote the expert:

"The white-flights are in completely dominant over

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



self and breed true, with some variation. There is a general tendency, however, for the white are as to increase from generation to generation... Thus it is usually better to breed with stock birds showing less white." (Breeding and Inheritance in Pigeons by Axel Sell)

Another way to look into the genetics behind the white coloring on an Old German Owl is to "take apart" the genes through an outcross to a bird that we are sure is carrying no genes for white colour. On the right is apicture of the results of a mating between an Old German Owl with 10 white-flights and a black and copper Archangel. What you see is a bird with 6 white-flights and just a few white feathers on its body. This tells us that the white body colouring of the Old



German Owl is a recessive trait that requires two genes (one set from each parent) to be expressed. It also illustrates to us that the trait for white-flights is at least partially dominate or in other words it only takes one genefor the white-flights trait to show.

So how do we keep our birds from producing bishop-winged birds and still get the sought after 10 whiteflights with coloured thumbs that the Standard calls for? Well, expert breeders will play a balancing act with this trait and keep birds with too few whiteflights for bree-ding stock to cross back to their birds with the ideal number.

Another problem with white-flights that crops up is an unequal number of whiteflights per side. Such as a bird might have 8 whiteflights in one wing and 10 in the other. What to do? Well the best way to counter this problem is to pair it with a bird that is the opposite in colour; say if a bird has 10 on



Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

the left and 8 on the right mate it to a bird that has 8 on the left and 10 on the right and keep your fingers crossed.

Good Luck and Breed a Winner





## Stewart Patterson is oorlede

**Renier Lee**

Dit is 'n voorreg om oor 'n man soos Stewart Patterson iets te skryf. Die oomblik wat jy begin besef jy egter dat dit nie so maklik is nie. Waar begin jy? Wat skryf jy? Ek sal begin deur te sê dat dit 'n man was wat my lewe verryk het. Ons paaie het gekruis en daarna het ons groot vriende geword.

Stewart met sy ontsaglike kennis van syfers. Hy kon rye en rye syfers optel deur slegs sy vingers daaroor te beweeg. Elke keer was dit korrek. In geselskap het hy nooit voorgekom as die hogere man van Price Waterhouse nie. Ook sou jy nie weet dat hy deel was van die Regring se forensiese span en die Valke gehelp het nie. Ook sou jy nie weet van sy hartseer toe sy vrou in 'n vliegtuig sodanig beseer is dat haar hele lewe verander het nie. Jy sou ook nie weet van sy innerlike blydskap wanneer hy met trots vir my vertel het van sy vrou se sendingwerk nie. Nee van die man Steward Patterson weet baie mense nie veel nie.

Toe hy destyds by die SASV aangesluit het, het hy dadelik ander telers beindruk met sy opregtheid en sy passie vir duiwe. Hy was baie gou in die strukture opgeneem waar hy altyd met groot verantwoordelikheid sy opdragte suksesvol voltooi het. Hy het nooit laat blyk dat iets vir hom te veel was nie. Terselfdertyd was hy mens en ek herinner my aan n tydperk waar ons finansiele probleme ondervind het toe 'n persoon nie geslaag het as tesourier van die SASV nie. Dit was Stewart wat met groot empatie gehelp het om die saak te beredder sonder om ooit sleg van enigeen te praat..

Vir baie jare het ek en Stewart saam gewerk In die ou Transvaalstreek was ons saam op die komitee en het ons Kampioenskapskoue saam beplan en aangebied. Ek onthou in 1976 wag ons vir die TV mense om die Kamioenskapskou in Johannesburg te besoek TV was iets nuut en ons het gedink dit is die beste geleentheid ooit om ons Sierduiwe bekend te stel. Ons het egter tevergeefs gewag want op die laat aand nuus was die nuus net oor opstande in Soweto waar daar bloedige gevegte tussen die polisie en studente was so het ons eerste groot bemarkingsaksie volgens Stewart skipbreuk gely.

Saam was ons vir jare op die Raad van die SASV. Ek herinner my nog duidelik waar Stewart voor 'n vergadering, waar ek die president was, my kom waarsku het van 'n raadslid wat baie negatief was en die vergadering wou ontwrig. Danksy hierdie tydige waarskuwing was ek gereed en kon die per-

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

soon niks uitrig nie.

So 'n persoon was Stewart vir wie dit altyd oor die liefde vir die duiwe gegaan het. Saam was ek en hy betrokke by die destydse Randse skougronde. Saam het ons beplan aan die nuwe skougronde by Nasrec. Later was hy self President by die land se grootste Tentoonstellings terrein.

Die sierduif en veral Longface Tumblers was sy alles. Hy het baie duiwe ingevoer veral as gevolg van goeie oorsese kontakte. Sy hokke was altyd vol duiwe. So was sy hart altyd vol liefde vir sy duiwe en vir sy duiwevriende. Ons mooi storie oor die klereverkopery sal ons geheim bly. Groete ou vriend.





## Notule van Beoordelaarsforum dag bestuurs vergadering - 28 Junie 2016 - Upington

**Christo Nel**

### 1. Opening

Die Voorsitter open die vergadering met gebed.

### 2. Presensie

'n Presensielys doen die rondte. Verteenwoordigers uit die streke sit ook in op die vergadering.

### 3. Verskonings

Daar word geen verskonings aangebied nie.

### 4. Sakelys

**Skouprogram:**

Die verteenwoordigers uit elke streek word geleentheid gebied om terugvoer te gee oor hul ondervinding met die nuwe program.

WP: Hulle is tevrede met die program.

KZN: Hulle het gesukkel om nuwe lede in die skouprogram by te voeg.

Die Helmets moet as Crested of Plainheaded uitgedruk word.

OP: Dit is 'n frustasie om die lidnommer van die vertoner by elke duif in te sleutel.

NVS: Hulle vind dit moeilik om met die internetskakels te werk en versoek dat die program op 'n cd beskikbaar gestel moet word.

By die "awards" soek hulle 'n ekstra kolom vir raswenners en toptoekennings.

Elke streek se sertifikaatformaat moet in die program ingewerk word.

Vrystaat: Hulle soek 'n handleiding vir die program.

Wes-Transvaal: Hulle kon nie die program oopmaak om dit te gebruik nie.

NvdV: Die Modenas moet een ras wees en so ook die Bodemtuimelaars.

Op die hokkaarte van die juniorduiwe met lang rasname, word die "jnr" afgesny.

Die optel van die totale is 'n probleem.

Noord-Kaap: Die program deel die verskillende Engelse Langesig Tuimelaars in verskillende hokgroottes in.

Hulle versoek ook 'n handleiding.

Op die beoordelaarslyste moet daar willekeurig spasies tussen lyntjies gemaak kan word.

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

Hulle ondervind dat die program die sertifikate skeef druk.

Dit is tydrowend om met die muis die blokkie aan te wys waarin jy wil werk. Kan dit nie met die pyltjies op die sleutelbord gedoen word nie?

Hoe "save" mens.

SWD: Vir hulle het dit goed gewerk, buiten vir die lidnommer wat oral ingesleutel moet word.

**Verandering van hokgrootte - Wes-Kaap**
Vanuit die WP was daar 'n versoek dat die English Trumpeter, African Toy en Indian Fantails in A-hokke geskou moet word.

Die voorsitter meld dat dit na die Beoordelaarsforumvergadering geneem sal word.

**Standaarde van die Lahore en Showracer**
Dit is reeds gedruk en kan tydens die skou by die Nasionale Ringmeester afgehaal word.

**Gimpel an Archangel - Kleurduifklub**
Die kleurduifklub het per skrywe versoek dat die Gimpel en Archangel weer as twee rasse geskou moet word soos daar tydens hul klubvergadering in 2013 op Ermelo besluit is.

Chris de Bruin stel dieselfde voor vir die "Skoorsteenveër" en die Dutch Highflyer.

Die dagbestuur van die BF sal die volgende aan die Beoordelaarsforum voorstel:

*Gimpel en Archangel sal weer twee rasse wees.

*Dutch Highflyer. en "Skoorsteenveër" sal ook weer twee rasse wees.

## 5. Ander sake

**Sertifikate - Beoordelaars.**

Daar was beoordelaars wie se name nie op die beoordelaarslys verskyn het nie alhoewel hulle in die verlede gekwalifiseer het. Diegene se name is intussen op die lys bygevoeg.

Die sekretaris deel die vergedering mee dat daar beoordelaars is wat nie hulle Beoordelaarsertifikate ontvang het nie alhoewel dit aan hulle gepos was. As die tyd op die kampioenskapskou dit toelaat, sal hy probeer om die sertifikate na afloop van die toetsing uit te deel.

**Ring-grootte van die American Giant Runt**
Die swaarrasklub versoek dat die ringrootte van E na F moet verander word.

**Toetsing van beoordelaars op streekskoue - WP**
Uit die WP is daar 'n versoek dat beoordelaars weer op streekskoue getoets moet word.

Die voorsitter antwoord dat daar reeds 'n proeflopie hiermee gemaak was en dat dit gladnie gewerk het nie.

Hy stel egter voor dat hierdie punt na die streke terug geneem word vir bespreking.

**Bedanking**
Ds. Hattingh bedank Willie van Zyl vir sy bereidwilligheid om na die bedanking van mnr. Chris van der Walt, as voorsitter van die Beoordelaarsforum op te tree tot dat daar 'n nuwe voorsitter verkies word.

## 6. Afsluiting


Die voorsitter bedank die teenwoordiges vir hulle waardevolle insette en die vergadering verdaag.



SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377



## When to Inoculate your pigeons

**Author: Derick Streak**

**submitted by Dirk Scholtz**

Gee voorkeur aan eiers met 'n sterk, wit, porselein agtige dop wat se dikte rondom dieselfde is. Die eier moet blink nadat ditgelê is en nie dof en grof wees nie.

U sal vind dat die beste kleintjies uit sulke eiers voortgebring word. Die swakker eiers bring die "mogge troffe" duiwe voort. Hierdie duiwe dra by tot oorpopulasie in die hok, wat op sy beurt weer lei tot verhoogde stres vlakke, siekte toestande en swak prestasies.

Dit is ongelukkig so dat ons duiwe-gemeenskap 'n kleintjie uit elke eier wil teel. Ek het al so ver gegaan om wyfies wat gereeld swak eiers lê, te elimineer. Ek het ook agter gekom dat wyfies wat pragtige sterk eiers lê, my beste stoetduiwe is.

U moet egter seker maak dat daar genoeg skulpgruis, piksteen en pikpot in u broeihok beskikbaar is, sodat genoegsame minerale opgeneem kan word om te help met die eiervorming.

Addisionele kalsium kan oor die kos of in die water twee tot drie maal per week, bygevoeg word. Hierdie addisionele minerale is ook uiters geskik vir die vorming van 'n sterk beenstruktuur in die jonges.

Siektetoestande by die mannetjie of die wyfie kan



SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

ook bydrae dat swak eiers voortgebring word. Onvrugbare eiers is ook moontlik. Dit kan ook veroorsaak dat die kleintjies in die dop doodgaan.

Het u al gemerk dat 'n kleintjie nie die vermoë het om uit die dop te pik nie? Sulke kleintjies moet nie aangehelp word deur die dop met u naels te kraak nie.

Hierdie kleintjie is reeds 'n swakkeling en sal nooit 'n kampioen word nie. Baie van hierdie kleintjies is voortgebring deur ouers wat nie 100% gesond was toe hulle gepaar het nie.

Salmonella, E.-coli en Paratifus is 'n bakteriese groep wat geneig is om te veroorsaak dat die embrio in die eier doodgaan.

Mikoplasmose (asemhalingsiektes) is ook geneig om dieselfde te doen. Duiwe wat hierdie siektes onder lede het moet nie gepaar word nie.

'n Volledige behandeling voor paring is dus baie belangrik en moet 'n antibiotika gebruik word wat al hierdie siektes eenmalig hokslaan.

Ek sal die volgende behandeling aanbeveel voordat duiwe gepaar word;

Drie weke voor paring word broei duiwevir kanker en koksidiose gelyktydig behandel vir 'n periode van vyf dae.

Twee weke voor paring volg 'n behandeling met 'n breë spektrum antibiotika vir 'n periode van vyf dae.

Duiwe word gepaar sewe dae nadat die antibiotiese behandeling gestaak is.

'n Multi-vitamien kombinasie moet gedurende hierdie hele periode elke tweede dag aan die broeiduiwe gegee word.

Nadat twee stelle babas geteel is, moet die wyfies vroegtydig, vir 'n rus periode verwyder word, voordat hulle weer lê. Volg daarna dieselfde behandeling met u broeiduiwe. Dit is ook nou die korrekte tyd om u pare te verander om sodoende ander koppels ook te toets. Teel weer twee stelle babas.

Die teelseisoen behoort daarna einde se kant toe te staan.






***P&S Botha***


**Breeders of Fantail, Lahore, Holle Cropper, Muffed Ice Pigeon, African Toy, Old German Owl and Frillback**

**PO Box 6519 Secunda 2302 Cell: 082 467 0996**

**E-Mail: peetsandra@voda mail.co.za**








# Elke oomblik van weerstand teen versoeking is 'n oorwinning


Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



**2017…**
**Junior vd Walt**

Met 2016 wat besig is om vinneger klaar te raak as mens se salaris aan die einde van die maand is dit altyd lekker om te gaan sit en terug dink an die jaar wat verby is, al die skoue, vergaderings ens. Een van die dinge wat in besonder vir my uitgestaan het was die Bloemfontein streekskou wat uitgedraai het as `n groot sukses. `n Lekker spitbraai het die skou die Vrydagaand afgeskop. Daar is lekker gekuier en duiwe gesels en nog lekkerder geeët aan die lieflike skaap wat vir ons voorberei was.

Die Saterdag se beoordeling het glad verloop en teen 2 - 3 uur daai middag was als oor en verby, en almal het teruggekeer na hul huise. Ek wil ook van die geleentheid gebruik om vir almal wat gehelp het om die skou 'n sukses te maak te bedank, of dit nou was met die opslaan van die skou, duiwe wat ingeskryf was of mense wat net `n draai kom maak het BAIE DANKIE!! Ek hoop om julle almal weer in 2017 te sien by Bloemfontein se streekskou.

Op die punt van 2017 wil ek net vir alle lede vra wat gaan skou om dit tog net te gaan geniet sodra ons toelaat dat kompetisie ons stokperdjie oorneem is dit waneer ons (of altans ek) dit nie meer gaan geniet nie. Om 'n skou te wen of selfs net `n top 7 plek te kry is een van die lekkerste gevoelens wat daar is. Maar soos Naas dit altyd stel "at the end of the day" gaan dit oor `n groep mense wat bymekaar kom om dit waarvoor hulle lief is te geniet. So gaan en geniet dit en as jy bevoorreg genoeg is om te wen geniet dit daai klein biekie meer. Ons doen dit tog vir die liefde van sierduiwe.

Aan enige lede wat in 2017 gaan beoordeel baie dankie vir dit wat julle gaan doen dis julle wat die verskil maak wat almal wil sien.

En dan laastens wil ek net van my kant af vir amal sê baie sterkte met als wat jy doen in 2017 en natuurlik sterkte met die skouseisoen ook gaan geniet dit en wys vir almal wat jy reg kon kry met jou ras of rasse. Aan streke wat `n skou aanbied wil ek sê baie sterkte en gaan vir goud. Moet natuurlik nie vergeet van die lekkerste skou in die land nie, Die naweek van 26 & 27 Mei maak ons weer so hier in die Vrystaat maak seker julle loop dit nie mis nie.

Duiwe Groete



**Daar lê geweldig baie vreugde daarin om ander gelukkig te maak, te bemoedig en hoop te gee, ten spyte van ons eie situasie**

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



**André Gunter skryf die volgende....**


Hier in die Kaap waai die Suid-Oos amper elke dag. Dit bring die tempratuur bietjie af maar droog alles uit.

Om jong rollers in die wind te 'home' is onmoontlik so ons moet maar wag vir 'n mooi windstil dag waarvan daar maar min is.

Nadat 'n probleem van 'n kat 7 van my roller broei duiwe smaaklik gevind het, het ek hom so 35km verder "gehome" op 'n plaas. Hy wil mos wild wees so nou kan hy homself daar geniet. Daar is weer 'n klomp jonges waarvoor ek baie hoop het. As hulle die valke kan ontduik.

Western Province Roller Club het ook op 26/11 hul laaste kompetisie gehad. Johan le Roux is die klub kampioen die jaar. Na die vergadering en prysuitdeling is daar gebraai en baie lekker saam gekuier. (Dalk die rede hoekom die veiling 'n mooi bedrag geld gemaak het)

By die skouduiwe is daar al kuikens wat belowend



lyk. Veral by die Strassers. Ek sukkel net om 'n check wyfie en 'n barless mannetjie te teel. Al barless mannetjie wat ek al geteel het, het white flights en hy teel kuikens met white flights ook. So hy moet ook gaan.


Die Afstand Bodemtuimelaars teel ook weer mooi en daar is weer van hulle wat mooi begin rol. Ek sal hulle nou weer gereeld moet laat rol by die sportgronde vir oefinige.

Na 2 stelle geil eiers het ek my King paar op skoon gars gesit. Daar is nou 'n bevrugte eier en ek hoop hy broei uit.

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

Die tilduiwe broei goed en die kuikens werk. By die Gorguero's is daar ook



nou kuikens na bietjie gesukkel.

By ons jongduif en ouduif streekskoue is ek gevra om die Birminghams en Working Homers te beoordeel. Dis 'n jammerte dat ek duiwe moes diskwalifiseer oor veerluise. Veral by die Working Homers op die jongduifskou. Die beste duif by vêr het luise gehad. Ek moet noem dat die manne moeite gedoen het vir die ouduif skou. Daar was geen luise onder die Working Homers nie.

Die vertoners moet net onthou dat 'n duif wat oefeninge doen gewoonlik beter hanteer as een wat geen oefeninge kry nie.

Ook by die kleur klasse was daar manne wat onseker was. My voorstel is om voor die skoue liewers 'n kenner te vra. Dis beter as om te raai.

Voorspoed vir die res van die broeiseisoen aan almal. Mag daar goeie jonges volgende jaar wees.

Groete



## Oorsig oor ons oorsese besoek

**Renier Lee**

Duiwe is 'n wonderlike stokperdjie. Dit verskaf jou ure se plesier maar dit skep ook die moontlikheid om wonderlike mense te ontmoet. Mense wat jou eentonige lewe verryk en jou horisonne verbreed. Ek en my vrou was nou vir meer as drie weke oorsee en ook daar het ons die voorreg gehad, om nie net goeie duiwe te sien nie, maar om ook wonderlike vriende te maak. U sal merk dat ek die woord wonderlik in oormaat gebruik, maar dit is hoe ons dit beleef.

Oorsee het ons tuis gegaan in Duitsland by duiwevriende, Erich en Annie Bluemmers. Hulle is vliegduiftelers wat jare reeds duiwe by die Miljoen Doller wedvlug inskryf en reeds heelwat goeie plekke en pryse verower het. Heelwat van hul beste duiwe by die Miljoen Doller sit tans in my hokke,

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

waarmee ek ook reeds sukses behaal het by veral die "Dinokeng One Loft"

Erich is 'n Duitser, getroud met Annie, 'n Nederlander. Hulle ken dus Duitsland en Nederland en verskillende Duiwetelers baie goed. Ook is hulle bekend met van die beste telers in Belgie. Sierduiftelers is van hulle vriende en kon ons deur hulle kontakte, baie hokke besoek en wonderlike vriende maak. Van hierdie telers kom ons besoek gedurende 2017.

Van die besoekpunte wil ek kortliks 'n paar noem. Wullhorst is 'n geweldige groot duiwemark vir vliegduiwe. Ek noem hierdie byeenkoms eerste omdat ek hier regtig besef het hoe vêr hierdie mense ons vooruit is. Mnr. Wullhorst, n vliegduifteler, bied jaarliks hierdie geleentheid aan waar hy ongeveer 300 jong duiwe te koop aanbied. Hierdie is top duiwe uit van die beste bloedlyne in Europa. Elke duif is in 'n enkel skouhok, met 'n volledige geslagregister, asook 'n koopprys op die hok, Hierdie duiwe staan in 'n saal op sy plaas, wat groot genoeg is vir ons om 'n reuse Kampioenskapskou aan te bied. Daar was duisende mense en persone met wit jasse loop tussen die skare mense. Wil jy 'n duif koop roep jy een van hierdie witjas menere en hy sit dan 'n verkoopkaart op die betrokke hok met al jou gewens. Binne twee ure was al hierdie duiwe verkoop en sodra die kopers hul duiwe betaal het neem hierdie selfde witjas persoon jou na die hok en word jou duif in die netjieste karton geplaas en geseël.

Die ander twee derdes van die saal word gebruik waar al hierdie besoekers en hul gades kan sit en eet. Heerlike etes en drinkgoed is te koop. Buite is dit nog 'n groter belewenis. Plaasimplemente van verskeie firmas word op een deel vertoon. Tussen die tentoonstelling van plaasimplemente en die geweldige saal is daar ponie perde waar kinders op ry. Lugkastele en hope ander speletjies vir kinders is hier opgeslaan en alles is gratis. Aan die ander kant van die saal is daar seker eenhonderd verskillende stalletjies waar alles moontlik uitgestal en verkoop word. Ek praat van uitstaande uitstallings en nie ons donkerbrille en selfoonkabels nie. Dit het ons seker 'n verdere drie tot vier ure geneem om ook hierdie uitstallings te besigtig.


Omdat ons die oggend vroeg reeds daar was en die geparkeerde motors op 'n ander deel van die plaas geparkeer is, moes ons tot ons ontsteltenis uitvind dat daar nou duisende motors staan en ons motor tussen die klomp gesoek moes word. Op pad huistoe het ek gedink aan wat hierdie een man met sy vrou en kinders doen om hulle duiwe te bemark en die sukses wat hulle bereik het oor die afgelope aantal jare.

In ons geld het hy ongeveer sewehonderd duisend rand net met sy duiwe gemaak. Wat sy inkomste uit al hierdie uitstallings is weet ek nie, maar as hierdie nie 'n suksesvolle bemarking van duiwe is nie weet ek nie wat suksesvol is nie. Volgende keer sal ek uitbrei oor seker een van die groot duiweskoue in Duitsland naamlik Cassel Groete vir eers




Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377


National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011




Gimpel




Nerumberg Lark




Archangel



Czech Ice Cropper




Damascene



C/L Ice Pigeon



*South African Rare Breeds Club*
*Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub*
*Established *** 1988 *** Gestig*




**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

**SAFPA Website - http://www.safpa.za.org**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**



## Die American Show Racer - In vol kleur!

**Benard van Zyl**

Vir die meeste buitestaanders en nuwelinge is die skou van American Show Racers maar grootliks 'n blou affêre met net 'n paar rooi "checks", mealy's en die odd grizzle wat soms die norm breek! Maar gelukkig het die prentjie, veral oor die laaste 20 jaar of so, redelik verander en meer kleurvol geraak.

Vandag kan American Show Racers in die meeste, indien nie al, die bekende kleure, patrone en faktore geteel en geskou word! Heel aan die begin van die ras se ontstaan het een van die pionier telers, Earl Deal, sy liefde vir kleur begin uitleef in die ras! Hy word veral onthou vir die werk wat hy met resessiewe wit, resessiewe rooi en indigo gedoen het!

In die laat 1950's het meesterteler Amos Hodson die indigo en strooi (spread) vaktore in sy familie ingebring en van die mooiste andalusians begin teel. Hy was ook die eerste teler wat 'n almond American Show Racer besit het, al is die oorsprong van die duif onbekend!

Joe Fracer, nog 'n pionier van die ras, het op versoek van Richard Brooks, dominante opal in die ras ingebring. Fracer was ook bekend vir die kombineering van faktore en het op vele skou die kollig gesteel met van die interesanste "kleure"!

Jack Hamilton het die eerste resessiewe opal in die ras geteel terwyl Ku Youn Yu weer bekend was vir sy saalrug (saddle) American Show Racer's. Soos Joe Fracer was hy ook lief om verskillende faktore te kombineer.

Vandag is daar 'n hele paar telers wat vermelding verdien. Meeste teel bestaande "rare colours", soos dit in die VSA bekend staan en probeer om die tipe van die duiwe te verbeter! Een teler, Richard Brooks, verdien spesiale vermelding. Nie net teel Mnr. Brooks vir beter tipe duiwe met die kleur nie, maar ook vir die beste uitdrukking van die kleur! Mnr. Brooks het dan ook die qualmond faktor in die ras ingebring en is tans besig om swael American Show Racer's te teel! Die balklose patroon is ook deur hom in American Show Racer's ingebring. Naas Richard Brooks is Bill Robinson seker vandag die kleur Guru in American Show Racer's met D.J. Morris en Joseph Ognibene wat ook bekend is vir die skou van interesante patroon en faktor kombinasies!!

Die welbekende Ralph Whitson het hom dit ten doel gestel om 'n nasionale kampioen in meeste indien nie AL die skaars kleure te vertoon nie! Met die 2016 nasionaal het hy gepoog om dit met swart of andalusian te doen en het reserwe kampioen met 'n swart wyfie op die Amerikaanse Nasionaal behaal! Castle Child van Alpine lofts, die vader van wyle Brad Child wat in 2008 in SA beoordeel het,

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

is ook nie skaam om in die skaarser kleure te skou nie terwyl Kent Wright se andalusian-"pieds" wêreldwyd bekend is!!


Dit bly steeds waar dat die meeste Nasionale Kampioene in die VSA en SA uit die blou-, en meestal geruite klasse kom en dat die klasse die meeste inskrywings trek. Klasse van in die 20 duiwe word gereeld gesien!! MAAR, danksy die bo-vermelde telers en ook ander minder bekend telers wat op die toeneel begin verskyn kan American Show Racers vandag in die 3 basis kleure; bruin, blou en asrooi, geteel word. Ook in al die patrone; balkloos, gebalk, liggeruit, geruit, donkergeruit en T-patroon/velvet. Die keuse van faktore wat geteel word, word ook net langer!

Duiwe word gereeld gesien met grizzle, dominante opal, strooi (spread), indigo, verdunning, "fade", "milky", "almond", bronze, "reduce", "pale", resessiewe wit, resessiewe rooi, resessiewe opal en die "pied" (bond) faktor op!

Begin 'n mens om van die faktore te kombineer, en dit is moontlik om 3 en selfs meer faktore te kombineer op een duif, dan lyk die prentjie nie meer so....blou....soos aan die begin nie!!

So moet nie op jou laat wag nie!! Kom en verf daai speelgoed!!!





## Lekker storie oor Stella se SA's

**Rob Lombaard**

Met die oopmaak van Desember se Kersuitgawe van Die Sierduif kry ek 'n glimlag van oor tot oor! Daar staan ek en Chantal voor ons "Gunsteling" karavaan.

Kom ek verduidelik: Planne is gemaak vir SA's op Stella, Dis ek en Chantal, ons sal ry tot op Hennenman en dan vandaar verder tot waar ons Oom Ben de Lange langs die pad ontmoet om sy Grosse op te tel en sommer daar te wag tot die Bloemfontein Brigade ons ontmoet, dis nou die mense van Die Plakkerskamp en Lourens en Magda Muller.

From here we set off with an idea to get refreshments in "Wollies", to our amusement a vehicle passes by with cages packed to the moon, filled with chickens, Bunnies, Pigeons and what else could fit and was alive,"Must be a pigeon mad person on his way to Stella was the comment of the day", fortunately it wasn't.

Upon arival in Stella it was only fitting to offload the Pigeons and soon after to follow Jullian Fincham to our Lodge that he has organised for us to stay in for the duration of the show for our exclusive use.

On arrival at the "Bush Camp" there was one very important piece of equipment missing, the caravan that Chantal, myself and my dad was suppose to stay in. Julian was tasked to find out where it is as there is not enough beds for us at the



SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

lodge and it was all his organising.

We returned to the show venue and Julian tells us that the caravan should be there a bit later when were turn, "The owner is just trying to find the wheels", we were told. My @$# hier moes ons mos nou al klaar agter gekom het daar is 'n slang in die gras!

In elkgeval, ons raak rustig en geniet al ons duiwe vriende se geselsskap want ons weet met geruste hart, ons karavaan sal daar wees !

Upon our arrival back @ "Bush Camp" we are pleased to see our caravan, but as we approach we realise that all is not well. This caravan has black paper bags where any other caravan would normally have windows !

It is dark and in the distance we hear the faithfull Lister Generator working away. It was already dark and we excepted our fate and everyone else was sorting themselves and getting comfortable. The first lot starting to shower, and it wasn't long or we were told there is no hot water.

As eager DIY fanatics we all attempt to solve the problem with the gas geyser, and as my luck would have it the geaser dislodges itself from the wall and falls on my head. Bloed beginne loop en die herstel van die geyser kom net daar tot 'n einde.

Die dames maak gebruik van die alternatiewe stort, en weereens is dit nie lank nie of daar breek weer 'n gehoes en geproes uit, die stort se uitlaat werk nie en die water vloei nou vrylik oor die rand en oorspoel die woonkwartiere. Nee wat,so kan ons nie bly nie, ons sal maar die aand so aanvaar en die volgende oggend ander plan maak.

Bed time now approaches and Lourens decides to get Comfortable on his bed, daai tyd het Lourens Nog Bors gehad, dis voordat sy Borskas in Hangkas verander het. Lourens gaan lê, en verdwyn voor ons oë, Die divan waarop hy lê se suspensie is nie wat ons verwag het nie, of sal ek se die suspensie het nie vir Lourens verwag nie, en hy sak regdeur, weg !

Dis lekker vars buite en ons Lombaard's loop ook nou bed se kant toe in ons pikswart karavaan. Maar weereens is dit nie lank nie of daar word weer geskree, maar die keer meer spesifiek, "Lombaard staan op, jy moet die Lister gaan afsit!" Die enigste ding in die hele kamp wat werk en die mense vra dat ek hom moet afsit, kan mens dit glo !

Ons is verbasend vroeg op, en gepak die volgende oggend en Jullian word aangetree, Die eienaar van die Bos Lapa sê dis geen probleem nie, hy het nog 'n huis op die ander kant van die dorp uit. Daar aangekom ontdek ons 'n groot plaas huis en ons het bekende bure vanuit Pretoria reg langs ons.

Stella sal nog lank in ons gedagtes wees, voorwaar 'n skou gewees waar boeresport hoog aangeskrewe was!



**Hoe bly is ek dat ek weet die lewe is een lang begin.**



Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



## My eerste tydverdryf

**Nic Hanekom**

In 1990 begin ek saam met een van my beste vriende Paul Carstens en sy skoonpa Oom Boy Human met Walliese ponies skou. Soos baie van julle weet oor ses en twintig jaar ontmoet jy baie mense waarvan baie huisvriende word. Ja oor die tydperk ervaar 'n mens baie uitdagings, opofferings en geniet ook al die lekker van die stokperdjie. Dit is 'n stokperdjie vir die familie almal kan deelneem.

Eers so 'n bietjie meer oor die Walliese ponie self. Die Walliese ponie word in verskillende klasse verdeel volgens hul hoogte naamlik; Die Walliese A ponie is 1.22 meter hoog (12 hand vir die ouer mense), B ponie 1.34 meter hoog (13.2 hand) asook die 'Cob tipe' waar jy die C en D klasse kry. Onsself skou met die A ponie wat oorspronklik in Wallis in die steenkool myne gebruik is om die steenkool na die oppervlak met waentjies te trek. Die ponie is gehard en het 'n lewendige voorkoms.

Die ponie word in verskillende klasse vertoon naamlik in die hand, enkeltuig, dubbeltuig, tandem, vierspan asook agt span (Foto's op buiteblad). Die handklasse word op bou vorm en tipe beoordeel terwyl die trek klasse op aksie en styl beoordeel word. Oom Boy, Paul en myself het in 1990 die eerste keer aan die SA's in Bloemfontein gaan deelneem. (Dit is ook hier waar ek vir Christo Munnik en Chris van der Berg ontmoet het). Vir die eerste vyf jaar is ons getrou elke jaar Bloemfontein toe en vir vyf jaar het ons net `n roset gekry met die woorde "Placed".

Daarna het dit al hoe beter begin gaan en so na die twaalfde jaar het ons die eerste keer die SA kampioen enkeltuig, dubbeltuig en tandem gewen. Met trots kan ek sê dat ons dit vir sewe jaar agtereenvolgens reggekry het waarna Oom Boy die twee kampioen perde teen 'n rekord prys op daardie stadium verkoop het.

Ons het een jaar met twee en twintig perde in Bloemfontein gaan skou sonder enige stalhulp, net Oom Boy, Paul, sy swaer en myself. Om twee en twintig perde op 'n dag te versorg, skoon te hou en dan nog te skou ook is rondhardloop van die oggend vroeg tot die aand laat. Mens vra jouself later af of dit normaal is en of daar dalk fout is met jou, maar op die ou end is die swaar kry lekker. Ons het oor die jare elke jaar aan so vier of vyf skoue per jaar deelgeneem, deesdae net drie weens die alombekende probleem, koste.

Ek is ook 'n gekwalifiseerde streek beoordelaar, jy word eers 'n junior beoordelaar, daarna 'n streek beoordelaar, dan senior beoordelaar en dan eksamenator. Bietjie anders as by die duiwe skryf jy 'n teoretiese eksamen van so +- 6 uur waarna jy ten minste 3 skoue moet beoordeel saam met drie verskillende eksamena-

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

tors en as hulle jou goedkeur word jy eers 'n junior beoordelaar. Daarna moet jy ten minste vyf skoue op jou eie beoordeel voordat jy 'n streek beoordelaar kan word. Soos julle kan sien 'n hele lang proses voordat jy bo uitkom.

Ek het ook deur die jare geleer dat jy die dier wat jy skou se standaard moet ken en daarvolgens teel en skou. Die beoordelaar is maar net 'n mens wat ook kan foute maak. (praat van ondervinding). Dit gaan op die ou einde nie oor die wen nie, ja dit is lekker om te wen en ons almal wil wen maar ongelukkig kan daar net een wenner wees. Doen dit om te geniet, dit moet nie 'n werk raak en wen moet nie n obsessie word nie.

**Sien fotos van Nic se storie op die agterblad**



**An elderly man once sold his very successfull business to a young man. On the day the young man took over the business he asked the old man to tell him what his secret was to success. The old man's answer were: "two words my friend, *right decisions*. I made the right decisions at the right time." The young man not satisfied with the answer asked: "how did you know that the decisions you took were the right decisions." "One word my friend" was the answer, "experience". How, the young man asked did you gain all the *experience.* Was it all the years in the business? "It was" said the old man "but the right answer is two words again, *wrong decisions*. Through taking wrong decisions in the beginning and learning that it was wrong I gained valuable experience and that enabled me to make the right decisions in future."**

***President***
***Chris de Bruin***
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail:**
**chris.debruin@dcs.gov.za**
**of**
**tiaandebruin@hotmail.com**

Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club

***Sekretaris***
***Peet Botha***
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail:**
**peetsandra@vodamail co.za**

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

## *SAFPA - Affiliated Speciality Clubs*

### *American Showracer Club of South Africa*
Pres: Raymond Hohls - 083 303 9865 - Sec: Matt Willemse - 082 807 3825

### *Birmingham Roller Exhibition Club of South Africa*
Pres: Christo Munnik - 076 391 5800 - Sec: Raymond Hohls - 083 303 9865

### *Blower Club of South Africa*
Pres: Jan Labuschagné - 083 491 2919 - Sec: Dirk Scholtz - 082 452 4229

### *Chinese Owl Club of South Africa*
Pres: Lourens Muller - 076 570 3289 - Sec: Hendriena Swanepoel 073 245 7993

### *Colour Pigeon Club of South Africa*
Pres: Awie Esterhuizen - 084 682 0143 - Sec: Peet Botha - 082 467 0996

### *Fantail Club of South Africa*
Pres: Coenie Naudé - 081 502 7769 - Sec: Willie v Rensburg - 082 787 8701

### *Frill Club of South Africa*
Pres: Stewart Patterson 082 457 2919 - Sec: Koot Serfontein - 071 113 1669

### *Heavy Breed Club of South Africa*
Pres: Jannie Swanepoel - 072 279 9299 - Sec: Chris de Bruin - 082 426 8703

### *Homer Breed Club of South Africa*
Pres: Raymond Hohls - 083 303 9865 - Sec: Attie van Aswegen - 082 411 8483

### *Modena Club of South Africa*
Pres: Ruben Kitching - 082 434 9808 - Sec: Hennie Bosman - 082 838 1417

### *Mookee Club of South Africa*
Pres: Attie van Aswegen - 082 411 8483 - Sec: Ruben Kitching - 012 548 5806

### *Parlour Tumbler Club of South Africa*
Pres: Chris vd Walt - 082 378 6447 - Sec: Bertie Wessels - 083 733 4191

### *Strasser Club of South Africa*
Pres: Edu le Roux - 087 150 4614 - Sec: Chris de Bruin - 082 426 8703

### *Trumpeter & Toy Club of South Africa*
Pres: Gert Venter - 076 546 5613 - Sec: Wikus v Niekerk - 012 653 7105

### *Tumbler Club of South Africa*
Pres: Bertie Wessels - 083 733 4191- Sec: Christo Britz - 083 626 6003

### *Wattle Breed Club of South Africa*
Pres: Attie van Aswegen - 082 411 8483 - Sec: Matt Willemse - 082 807 3825

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# *Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees*

## Rules

1. The duration of the competitions will be from 1st July to 30th June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A report about a match meeting will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which ***increases*** its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van 1ste Julie tot 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk-Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal ***verhoog*** soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat R850 aan 'n advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

### Order from the National Ringmaster:

1.

| | |
|---|---|
| **Book of Standards** | **R180 each** |
| **2. Chris Blaauw book for beginners** | **R 30 each** |
| **3. SAFPA Judges list** | **R 20 each** |
| **4. Membership List** | **R 20 each** |
| **5. SAFPA ties (Navy blue)** | **R 60 each** |
| **6. SAFPA Pocket badge (Navy blue)** | **R 35 each** |
| **7. SAFPA Area scroll (Navy blue)** | **R 30 each** |
| **8. SAFPA Honour scroll (Navy blue)** | **R 30 each** |
| **10. Metal Member & Judges scrolls** | **R 50 each** |
| **11. National pocket badges (Green)** | **R 40 each** |
| **12. National Honour scrolls (Green)** | **R 30 each** |
| **13. National Ties (Green)** | **R120 each** |

**All prices excludes Postage contact Netta Prince for correct postage**

## Score board

### Bankofs Shield

| | |
|---|---|
| **1. North-of-the-Vaal:** | **3856** |

### Manie Fourie Trophy

| | |
|---|---|
| **1. Northern Cape:** | **2014** |
| **2. KwaZulu-Natal:** | **2009** |
| **3. Eastern Region:** | **1734** |
| **4. Northern Freestate:** | **1428** |
| **5. Eastern Province:** | **1256** |
| **6. Freestate:** | **800** |
| **7. Western Transvaal:** | **650** |
| **8. Western Cape:** | **600** |
| **9. SW Districts:** | **0** |

### Bertie Wessels Trophy

**1.**

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

Skou in die hand (Albei perde was SA kampioene)





My vrou (Cheryl Hanekom) in die dames siertuig klas.



Oppad om deel te neem met enkeltuig




Dubbeltuig by Ladysmith (George Bell se area)



Tandem te Woscester





Nic Hanekom As beoordelaar by Walliese ponie vierspan



Agtspan Vlaam perde te Heidelberg (Kaap)skou
Wie en wanneer laas het julle dit gesien